



RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

GROETE AAN AL DIE RYNIES!

*Mnr. Wally
Janse van
Rensburg*



**Interlaer atletiek winners 2025
- 14de jaar in 'n ry!!!**

Na 'n verbete stryd het die Rynie atletiekspan as oorwinnaars uit die stryd getree. Tydens die eerste dag van die Interlaer was ons met tye 13 punte agter. Aan die einde van die eerste dag het ons 'n voorsprong van net 4 punte gehad.



Tydens die baanitems verlede Donderdag het die Rynies egter met 'n sterk spanpoging vorendag gekom om uiteindelik die Interlaer met 47 punte te wen.

Baie geluk aan elke atleet en afrigter wat hard gewerk het van verlede jaar af. Hierdie was 'n spanpoging en elke punt was belangrik. Spesiale dank ook aan al die atlete wat bereid was om die skool in meer as een item te verteenwoordig, sommige atlete tot 7 items! Groot dank ook aan ons organiseerders naamlik Mnre Jaco en Theo wat op kort kennisgewing die organisasie oorgeneem het.





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



Die seun en dogter wat individueel die meeste punte tydens die Interlaer vir die skool insamel word aangewys as die Victor en Victrix Ludorum en kry erkenning tydens die prysuitdeling aan die einde van die jaar. Baie geluk aan die volgende atlete wat ons Victor en Victrix Ludorum is vir 2025. Let net daarop dat diskus en spiesgooi nie punte tel by die Interlaer nie. Aflos tel ook nie vir hierdie toekenning nie. (Daar is 3 dogers gelyk en al 3 ontvang erkenning tydens die prysuitdeling).



Finale punte was as volg:

1. Laerskool Rynfield	420
2. Rynfield Primary	373
3. Farrarmere Primary	358
4. Laerskool Northmead	282
5. Arbor Primary	273
6. Tom Newby Primary	263

Ek het ook vir die atlete belowe dat ons een Vrydag vroeër sal sluit as ons die Interlaer wen. Die naweek voor die skole sluit vir die eerste kwartaal is 'n langnaweek met Vrydag 21 Maart 2025 wat 'n vakansiedag is. As beloning vir die Interlaer wen sal die skool dus op Donderdag 20 Maart 2025 om 11:00 sluit vir die langnaweek. Dit geld vir al die Rynies, kleuterskool ingesluit.





RYNIENUUS

LAERSKOOl RYNFIELD




WAARSKUWING:

Ons het 'n waarskuwing van buurskole ontvang dat daar kriminele elemente is wat goedere binne motors rondom skole, soos skootrekenaars, selfone, beursies ens. steel deur van “jamming” gebruik te maak. Hierdie kriminele beskik oor apparate wat verhoed dat u motor sluit as u die motor verlaat met die gedagte dat dit gesluit is. Maak dus seker dat u motor gesluit is deur met die handvatsel te voel as u buite die skool parkeer en u motor verlaat.



KLEUTERSKOOlHEK:

Ons neem kennis van die lang tou by die kleuterskool draaihek, veral in die oggende. Die beheerliggaam het heelwat spandeer om die veiligheid en sekuriteit by die kleuterskoolingang op te skerp. Die veiligheid van ons leerders is nie onderhandelbaar nie en ons vra ouers om asseblief geduldig te wees. Ons is egter bewus van die oponthoud by die enkelhek en die beheerliggaam is besig om moontlike oplossings te ondersoek bv. 'n moontlike tweede hek. Dankie vir u geduld en samewerking in die verband.





KLEUTERSKOOl

LAERSKOOl RYNFIELD



Ons kleuters lyk pragtig met hulle nuwe hempies!



Ons kleuters het 'n liefdevolle Valentynsdag gehad en hierdie pragtige baniere is met handjies vol liefde gemaak!





RYNIESNUUS



LAERSKOOOL RYNFIELD

RYNIES PRESTEER:

Wihann van der Westhuizen in Graad 3 gaan weer vanjaar aan KykNet se speletjies program Kyk Wie Praat deelneem.

Hy gaan in die volgende episodes verskyn:

Episode 4 wat op **26 Februarie 2025** om **20h00** uitsaai.

Episode 8 wat op **26 Maart 2025** om **20h00** uitsaai.

Episode 12 wat op **23 April 2025** om **20h00** uitsaai.

Episode 13 wat op **30 April 2025** om **20h00** uitsaai.

Ons gaan beslis vir jou op die kassie kyk Wihann!



Danzelle Opperman in Graad 5 het goud behaal vir Skyfskiet in Liga 1.





RYNIESNUUS



LAERSKOOl RYNFIELD

**BAIE
DANKIE**

VIR JOU ONDERSTEUNING SATERDAG.
ONS WAARDEER DIT BAIE.

VAN DIE PARKS SPAN



LAERSKOOl RYNFIELD

LIEFDE BY DIE PARK


'COLOUR RUN'

**Wie Vrydag, 21 Februarie,
gewone klere mag dra:**

- Die klasse wat die meeste weddenskappe geplaas het - Gr. 2MC en Gr. 6KE.
- Die klas wat die meeste verteenwoordigers by die Kleurwedloop gehad het - Gr. 2LB en Gr. 6CK.
- Die onderwysers se WED-loop sal plaasvind sodra die weer dit toelaat.



Baie
DANKIE
vir die ondersteuning!





RYNIESNUUS



LAERSKOOI RYNFIELD

RYNIE KOMBERSE

Te koop

R130

by Juffrou Bianca
(Vissieklas)



**JUNIORFASE
GR 1-3
INSTAPPIE**

Ecopilots kom vir ons kuier.
Hulle gaan vir ons meer oor
Voëls kom vertel! En 'n paar
besoekers saambring.

Wanneer? Woensdag 26 Februarie 2025
Kostes: R40 per leerder

ECO PILOTS

Jy kan van Woensdag 12 Februarie
tot en met Woensdag 26 Februarie
jou geldjie by jou Juffrou inbetaal.

Skaakoefening

Seniors Dinsdag 2-3 uur
Juniors Woensdag 1-2 uur

Skaakproewe begin
hierdie week vir die
Seniors.

Ons speel op 'n
rondomtaliebasis om
bordposisies van ons
Rynies vas te stel.



RUGBY

LAERSKOOl RYNFIELD



<u>Datum</u>	<u>Wedstryd</u>	<u>Spanne</u>
<u>Vriendskaplike Wedstryde</u>		
27 Februarie	Laerskool Tygerpoort vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
8 Maart	Laerskool Menlopark & Monumentpark vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
13 Maart	Laerskool Anton van Wouw vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
18 Maart	Rynfield vs Louis Leipoldt (Tuis)	A & B spanne
25 – 27 Maart	Toer @ Camp Discovery	0/10
2 – 5 April	Toer @ Stellenbosch	0/11 & 1ste Span
9 April	Rynfield vs Rynfield Primary (Tuis)	A spanne
<u>Liga 2025</u>		
17 April	Rynfield vs Laerskool Impala (Tuis)	A & B spanne
23 April	Laerskool Baanbreker vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
8 Mei	Laerskool Jan v. Riebeeck vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
14 Mei	Rynfield vs Laerskool Van Riebeeckpark (Tuis)	A & B spanne
22 Mei	Laerskool Concordia vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
27 Mei	Laerskool Northmead vs Rynfield (Weg)	A & B spanne
4 Junie	Rynfield vs Kruinsig (Tuis)	A & B spanne
10 Junie 17 / 18 Junie 24 Junie	Uitspele Semi-finale Finale	

A-SPANNE:

- 1STE SPAN MNR. JACO & MNR. WILLIE
- 2DE SPAN MNR. Justin
- O/11A MNR. THEO
- O/10A MNR. MICHAEL
- O/9A MNR. JOHNDE

B-SPANNE:

- O/9B MNR. DILLAN
- O/10B MNR. XANDER
- 3DE SPAN MNR. EUGENE

Span	Tyd	Dae	Veld
o/9 A	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	Laerskool Rynfield
o/9 B	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	Laerskool Rynfield
o/10 A	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	Laerskool Rynfield
o/10 B	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	Laerskool Rynfield
o/11A	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	St. Dunstons
2de Span	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	St. Dunstons
3de Span	14:00 – 15:00	Maandag - Donderdag	St. Dunstons
1ste Span	14:30 – 16:00	Maandag - Donderdag	Laerskool Rynfield

Maandae: Kultuur- middag (Seuns kry voorkeur om Kultuur by te woon)

Oefentye kan verskil na gelang van afrigter, wat gekommunikeer sal word.

RUGBY OEFENING:





RYNIENUUS

LAERSKOOLO RYNFIELD



Laerskool Rynfield
MANNEAAND

28 FEBRUARIE 2025
18:00 - 23:00

R2500 PER TAFEL
10 PERSONE PER TAFEL
ETE INGESLUIT

KAARTJES EN
BESPREKINGS
BY MNR. MICHAEL

BRING JOU EIE KOELBOKS

ANDRIES COETZEE **JACO KRIEL**

FONDSE TEN BATE VAN O/10 RUGBYSPAN



MINI-NETBALPROEWE

As gevolg van die reën en die nat bane, word die mini-netbalproewe geskuif na volgende week Dinsdag, Woensdag en Donderdag:

Tye is as volg:

Gr. 1 + 2: 13:15 - 14:00

Gr. 3: 13:45 - 14:45

TENNISOEFENING

VIR DIE LEERDERS WIE DIE 2 RONDTES PROEWE BYGEWOON HET.

Geen snoepie is beskikbaar nie.
Bring asseblief eie eet en drinkgoed.

21 FEBRUARIE 2025
14:30-15:30
BENONI NORTHERNS SE TENNISBANE

VIR ENIGE ANDER NAVRAE IS U MEER AS WELKOM OM Æ BOODSKAP BY ONTVANGS TE LOS.
JUFFROU SAL DAN TERUGKOM NA U TOE.



RYNIENUUS

LAERSKOO RYNFIELD



KULTUUR:

Redenaars:

Graad 1, 2 en 3 wat aan die interne redenaars deelneem, het reeds hul briefies ontvang. Indien 'n deelnemer wil onttrek, moet Juf. Barbara dadelik verwittig word asseblief.

Oefentye kan by Juf. Barbara of Juf. Coffey gereël word.

Spanredenaars:

Oefening vir spanne begin vanaf 12 Maart. Spanne moet asseblief ook tye vooraf by Juf. Barbara of Juf. Coffey reël.

Kunswedstryd:

Onthou dat die inskrywings by Dell'Arte en Vivarté reeds oop is. Dit word aanlyn gedoen.


Dell'Arte: www.dellarte.co.za

Sluitingsdatum: 31 Mei 2025

Vivarté : www.vivartekunstefees.co.za

Sluitingsdatum: 28 April 2025

Kultuurgroete, Juf. Barbara



DEBAT:

Leerders wat aan die ConSpirito debatkompetisie wil deelneem moet voor of op 26 Februarie hul name by Juf. Barbara gaan opgee.

Vereistes:

- *moet in 'n span van twee wees.
- *moes werkswinkel van 12 Februarie bygewoon het.
- *moet bereid wees om tyd af te staan vir oefening en voorbereiding
- *eie navorsing en toesprake moet gedoen word.



NASKOOL

LAERSKOOLO RYNFIELD



TOETSREEKS:

Leerders moet hulle leerwerk by die huiswerksessies hê.

Sodra leerders hul huiswerk voltooi het, sal hulle van die oorblywende tyd gebruik maak om te leer.

KLERETROLLIE:

Loer asseblief vir enige verlore items. Die trollie sal Woensdag, 26 Februarie leeggemaak word.



NASKOOL SPYSKAART:

Maandag 24/2: Macaroni & Kaas

Dinsdag 25/2: Sop & broodjie

Woensdag 26/2: Kapokaartappels,
pampoen en boerewors

Donderdag 27/2: Hoenderkerrie en rys

Vrydag 28/2: Hot-dogs

- Elke dag vrugte en sap

SNOEPIE SPYSKAART:

Maandag 24/2: Pizza Broodjies

Dinsdag 25/4: Hoender en cornish pasteie

Woensdag 26/2: Vis & slap chips

Donderdag 27/2: T/s Hoender & mayo

Vrydag 28/2: Footlongs



TEN SLOTTE

LAERSKOOLO RYNFIELD



Niemand is perfek nie,
en nie almal is mooi nie.
Maar onthou
die lekkerste appels
is nie altyd rooi nie.

Simone Trollop



W JANSE VAN RENSBURG
SKOOLHOOF



ADVERTENSIES

LAERSKOOI RYNFIELD



Is kragonderbrekings 'n
kopseer vir jou?
Hier is die antwoord!

POWERdeals

LIMITED STOCK AVAILABLE

- A-grade EV-level LifePO4 Battery
- 12 Forms of Protection for High Safety & Reliability
- 3 Intelligent Charging Modes: Fast / Normal / Silent
- Auto-switch UPS Function for Unexpected Power Outage

juizebox
Juizebox 2
Portable Inline
Power Station
JB002

3700⁰⁰ each

PURE SINEWAVE INVERTER

12-24V 512WH LITHIUM-ION BATTERY

UNINTERRUPTED POWER SOURCE FOR YOUR ESSENTIALS

- DC Input: DC 12-24V 7A Max
- AC Output: AC230V, 50HZ, 600W Max
- USB-A Output*2: 5V3A & 9V2A & 12VA QC3.0 24W Max
- Type-C Output: 5V2.4A & 9V3A & 12V2.5A PD3.0 27W Max
- Type-C Output: 5V3A & 9V3A & 12V3A & 15V3A & 20V5A
- PD3.0 100W Max
- DC Output 1: 12V 10A
- DC Output 2: 12V 3A (Total 10A Max)
- Max. 600W Total for all the Outputs
- Internal Li-ion Battery Capacity: 512WH (20AH/25.6V)
- The operating temperature range: 0°C - 40°C
- 12-24V 512WH
- Lithium-Ion Battery

PORTABLE & CONVENIENT:

- OUTDOOR LIFE
- CAMPING
- POWER OUTAGE
- DISASTER EMERGENCY

mica

Let us show you how

POWERdeals

LIMITED STOCK AVAILABLE

juizebox
500W Inverter
JB001
290mm x 159mm
x 158mm

2500⁰⁰ each

PURE SINEWAVE INVERTER

12-24V 512WH LITHIUM-ION BATTERY

UNINTERRUPTED POWER SOURCE FOR YOUR ESSENTIALS

Power anywhere, anytime!

juizebox
POWER WHEN YOU NEED IT

Portable, convenient and versatile with the following key features:

- 444Wh/h Lithium-Ion battery pack
- Pure Sine Wave Output
- Automatic Power Switch Over
- Only 4.8kg

Hosts convenient connectors including:

- 3x** 12V DC Sockets
- 4x** USB Sockets
- 1x** USB Type C Socket
- 1x** Car Lighter Socket

Bestellings kan geplaas word
via WhatsApp by Jaco
Hattingh 083 235 9667

Bestellings kan afgehaal word
by Nanette Hattingh by die
Kleuterskool na bevestiging
van betaling.



ADVERTENSIES

LAERSKOOl RYNFIELD



AS HEARD ON
JACARANDA FM

A+STUDENTS' COURSES:

- MINI Genius: From 3 years old
- KIDS Genius: From 5 years old
- YOUNG Genius: From 8 years old
- JUNIOR Genius: Gr. 4-12 (available at selected branches)

COURSES INCLUDE :

- Abacus and Mental Arithmetic
- A+Play Maths
- Pure Mathematics

AND SO MUCH MORE!

Bianca

082 330 5179

biancam@aplusstudents.co.za

www.aplusstudents.co.za

A+
STUDENTS
Abacus Maths

**LEARNING
STARTS WITH**

play!



PAMASA
MEMBER OF PAMA GLOBAL ABACUS & MENTAL
ARITHMETIC ASSOCIATION PAMA GLOBAL



FASA
THE FRANCHISE ASSOCIATION
OF SOUTH AFRICA

A*Students Member of: The Franchise
Association of South Africa. (FASA)



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD

— Discover —
**The Sweetness
of Nature**

Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street,
Benoni for the finest Farm Fresh Honey.

Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm

100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour

www.highveldhoney.co.za 011 849 1990 @highveldhoneyfarms



ADVERTENSIES



LAERSKOOLO RYNFIELD



Ons Perdry Lesse:

- Top Gekwalifiseerde Instrueteurs
- Veilige arena's, perde en toerusting
- Gereelde Graded en Recreational tuis kompetisies
- Ondersteuning by buite kompetisies
- Meer as 35 jaar plaaslike en internasionale ondervinding
- Uitstekende verwysings!

*Sluit by ons aan
en gee jou ruiter
die beste!*



Melise Etheridge 082 898 6930



28 Jarrah Rd, Cnr Holding Rd, Petit



www.crystalridgestables.co.za





ADVERTENSIES



LAERSKOOl RYNFIELD

**ACE IT
TUTORING**

Extra classes we provide

- Afrikaans & English (Gr R - Gr 12)
- Mathematics (Gr R - Gr 9)
- Other Subjects (Gr 4 - Gr 9)

* Lessons can be given in English or in Afrikaans

Mon - Thu (14:00 - 18:00)

Where to find us

71 Glen Gory Rd, Norton Home
Estates, Benoni North

Contact us

robbertze68@gmail.com
Lucy: 066 258 9167

ERL22



ADVERTENSIES



LAERSKOOOL RYNFIELD

Save the date **26 FEB**

GOLF DAY

BENONI COUNTRY CLUB

R3600
PER 4 BALL
GOLF, CART &
PRIZE GIVING DINNER

HOLE SPONSORSHIP
R2000

whatsapp booking to 063 133 4697

Fast Track COACHING
CRICKET ACADEMY

FUNDRAISER
Fast Track boys Corrie Botha and Keagan Hills from
Die Hoërskool Menlo Park are going to England